# 6 *Sondag*

**SKRIFGEDEELTE: DEUTERONOMIUM 14 EN 15**
**FOKUSGEDEELTE: DEUTERONOMIUM 15:1**

## Ewige verposing vir jou, skuldenaar

In die optrede van God sit daar soveel wysheid. In hierdie gedeelte kom Hy met verskillende bepalings waardeur Israel in hulle optrede van die res van die volkere onderskei moes word. Deuteronomium 15:1 staan egter uit. As jy aan iemand iets geleen het, moes jy dit aan die einde van sewe jaar afskryf.

Dit is vir ons vreemd. Dit kan daartoe lei dat jy aan niemand sal wil leen nie, want na sewe jaar verloor jy dan alles. Dit is egter nie God se bedoeling nie. Die woord afskryf/kwytskeld beteken in sy wese "om vry te stel". Elke sewende jaar – nie na sewe jaar nie, maar 'n vasgestelde jaar – word die skuldenaar vrygestel van betaling. Jaar na jaar betaal hy af, maar nie in daardie vasgestelde jaar nie. Die jaar daarna begin die betaling weer.

In Eksodus 23 is daar sprake van 'n sewende jaar waarin daar nie geploeg en geplant mag word nie. Dan moet die land rus. In daardie sewende jaar sou die skuldenaar dus geen oes hê nie en sou die skuld nie betaal kon word nie.

God gee die sewende jaar as 'n verposing – om vry van bekommernis oor skuld te wees. Voor God staan ons almal met baie sondeskuld, maar Hy gee verposing. Jy kan egter weet van Jesus en die kruis. Dit bring rus in jou gemoed.

Die genade is egter meer as 'n uitstel van skuld. Daardie bloed bring totale kwytskelding. Die dag as jy met jou skuldbelaaide lewe voor die regterstoel verskyn, sal jy sien dat die bloed al die skuld bedek het – so asof jy geen sonde gehad het nie. Dit moet jy glo, dan kry jy rus in jou gemoed en eendag ewige vrede.

*Sing: Psalm 32:1*

*Ds. LD (Lourens) Aucamp (Emeritus)*